IV BONSAISTYLE MET WILDEVYE

BOOM-OP-KLIP (ISHI-ZUKI)

ETTIENE THERON

Klip of rots het vir die Oosterling geweldig baie simboliese betekenis. Rotse vorm vir hulle die basis van die heelal en hulle praat daarvan as die "wortels van die wolke". Hulle beskou dit, tesame met die water, as 'n lewende wese met die water as die lewensbloed en klip as die beendere.

Kyk mens om jou, kan jy die implikasies daarvan wel verstaan, as jy op die rand van die Visrivier afgronde staan , berge in die verte sien, of net 'n klein klipkoppie in die Karoo vlaktes. Klip of rots versinnebeeld ook 'n tydlose karakter van ouderdom, verwering en wysheid - dieselfde norme wat in goeie bonsai uitgebeeld word.

"Ongelukkig" word klip of rots nie in goed gestyleerde bonsai toegelaat nie. Gewoonlik word klip gebruik om sogenaamde "foute" te verbloem of versag. Gelukkig egter, kan klip of rots wel tot sy volle reg kom deurdat verskeie style klip of rots insluit. Daar is basies vyf klassieke style waarin klip in bonsai gebruik kan word naamlik :

SANSUI-SEKI ("Viewing stones")
Hierdie is die kuns om slegs rots te gebruik om 'n idee of gedagte oor te dra. Hoewel dit nie streng gesproke bonsai is nie,is dit so na verwant daaraan in die filosofie, dat dit wel tesame met bonsai genoem, gebruik en uitgestal word.

USHI-UYE (Klip as houer)

Hier word klip of rots, hetsy hol of plat soos leiklip, gebruik in plaas van die normale houer met dieselfde norme van posisionering en balans.

SEKIJOJU (Wortel oor klip)
Hier word die wortel van die boom ook ten toon gestel, deur dit oor die klip te laat groei. Die wortels van die boom voed in die grond van die houer. Die boom en sy stylering bly die primêre fokuspunt en die klip is ondergeskik daaraan. (Vergelyk voorbladskets.)

SAIKEI (Boomlandskap)
Hierdie is 'n kombinasie van bonsai style om 'n toneel te skep, gewoonlik veraf. Saikei kan beskryf word as 'n samevoeging en balans tussen bome, grond en klip teenoor "suiwer" bonsai waar die boom oorheers. Saikei bevat gewoonlik klip, maar nie noodwendig nie.



ISHI-ZUKI (Boom op klip)
In hierdie styl oorheers die rots die toneel heeltemal en die boom of bome is ondergeskik. Die boom is heeltemal afhanklik vir sy groei van die bietjie grond direk om sy wortels, en nie van die grond in die houer nie. Krake en holtes word hier gebruik om die boompies te vestig. Die aantal boompies kan varieer, van een tot soveel as wat nodig is om die komposisie in gedagte te verkry. Die boompies kan dan in bepaalde style gevorm word.